## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


**ACIM: Elke Donderdag 7pm Kolping**
**Werkswinkel: Kinders en geloof!**
**15 Junie & 22 Junie (10h00-12h30)**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail______________________________ Sel____________________

Woonadres

______________________________________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum
## 16 Junie 2013
## SELFWAARDE
## SELFRESPEK
## SELFVERTROUE

## STILTE IN DIE KAPEL

~ FATHER PLEASE — FRESHLY GROUND ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Ons strek ons hande voor ons uit.
Vir die eerste keer besef ons hoe sterk ons hande is.
Ons dink skielik aan 'n vreemde ding:
vir die eerste keer in ons lewe
wonder ons hoe ons lyk.
Mense sien nooit hul eie gesigte nie
en hulle vra nooit ander daaroor uit nie
want dit is euwel om hulle met hul eie liggame
en gesigte te bemoei.
Om die een of ander onverklaarbare rede
wens ons vandag dat dit vir ons moontlik was
om ons eie beeld en ons eie persoon te ken.

(Ayn Rand: Loflied)

### - STILTETYD -

***Ek dank U vir die wonder van myself.***
***Wonderlik is U werke en my siel weet dit goed!***
***(Psalm 139:14)***

## GESPREKSIRKEL

# WEES LIEF VIR JOU NAASTE SOOS JOUSELF

NOU onlangs het ek saam met 'n Vlaamse literator 'n bloemlesing saamgestel. 'n Boek oor die liefde. Ons het wat vir óns die mooiste liefdesgedigte in Afrikaans is, uitgesoek en in 'n boek bymekaar gesit. Dit was harde en wonderlike werk, want ons moes intensief deur die Afrikaanse poësie-erfenis werk. Telkens het ek met verwondering 'n gedig herlees en gedink: Hoe is dit moontlik dat iets so ontvlugtend en ongedefinieer soos die liefde só uniek uitgesê kan word? Terwyl ek die passie van brandende minnaars in woord en beeld beleef het, het ek weer eens die eeue oue waarheid leer ken: Die liefde neem duisend, nee, tienduisend vorme aan. Terwyl ons die gedigte geskik en herskik het, het ek ook besef: Die liefde laat hom nie in woorde sê nie. Want daar is maniere van liefhê waarvan mens nooit sal weet nie, wat nooit in 'n gedig besing sal word nie.

Ons meisiekind Janie sit saam met ons aan ons Sondagmiddagtafel. Dit is 'n vreugdevolle tafel, 'n samekoms wat knetter van gesels en die gemoedelikheid wat saamgaan met kos en wyn en mense wat mekaar mildelik liefhet. In die middel van die ete, lank voordat die vreugde van nagereg op die tafel verskyn, lui haar selfoon. Sy staan op uit die warm kring van toegeneentheid, maak verskoning en vertrek. Op hierdie onhebbelike en verlate uur het iemand haar nodig.

Sy is 'n berader vir Rape Crisis, sy gaan sonder om 'n minuut langer te verwyl. Sy doen iets waarvoor sy nie 'n sent geld kry nie. Wat noem mens hierdie liefde? In watter gedig is dit al besing?

Ek vee my stoep skoon van duisend warrelende winterblare en dink aan my gaste wat ek weldra vir koffie sal ontvang. Met welbehae dink ek aan hulle. 'n Móói man en vrou, sjiek en slim en yuppie soos kan kom en op pad om te emigreer. Maar die dag voordat hulle vertrek na ander land, slaan die noodlot toe. 'n Familielid sterf in 'n duikongeluk. Hulle word oornag, in een verpletterende oomblik, 'n gesin met vyf kinders. Die verhuising word gekanselleer. Marleen verkoop haar luukse sportmotor en skaf 'n gesinsbussie aan. Sy verander van sakevrou na 'n ma van 'n troppie losgeslane kinders. Sy los haar werk en kloek hulle bymekaar, sy het kinders op haar skoot en om haar nek, een onder elke arm en heup, sy het hande vol lyfies wat gulsig haar liefde opslurp en vra vir nóg. Ek wil dit nooit weer anders hê nie, sê sy. En sy lag blond en gelukkig. Wat is die naam van hierdie liefde? Wie gaan daarvan 'n ode maak? Op een van my gradeplegtighede kry 'n blinde student graad. Terwyl sy blind en trots op die verhoog staan, begin haar gidshond wat onder die trappies vir sy nooi wag, uitbundig blaf. Oopbek en lieflik sê hy: Ek bars van trots, ek is só lief vir haar. Sal dié gedig van hondeliefde ooit in 'n boek opgeneem word? 'n Aantal jaar gelede sterf 'n plaasboer en sy vrou van die Overberg in 'n motorongeluk. Hulle los sewe, agt kinders wees agter. Die meeste kinders kry 'n huis by familielede, ander beland by aanneem-ouers. Uiteindelik is almal versorg. Almal behalwe één, 'n boetie wat verstandelik gestremd is en verwese op die plaas ronddwaal, op soek na sy ma. Hy kruip in die stal tussen die koeie weg en verseg om uit te kom. Snags krul hy hom op tussen die warm lywe van sy jerseys en slaap net daar, hul soet lusern-asems oor hom. Die plaas word verkoop, met Boeta as deel van die ooreenkoms. Basta, sê die nuwe eienaar, die kind bly net hier waar hy gelukkig is, ons sorg vir hom. Boeta is deel van die plaas, met liefde gekoop. Maar soms kruip hy terug stal toe. Hy streel die jerseys en hulle lek hom, omdat 'n kind soms 'n liefdevolle lek van 'n ma moet kry. Wat sê 'n mens van hierdie liefde? Wie sal jou glo as jy sê dat 'n kind met 'n plaas gekoop word, en dat dit rég is so? En is koei-liefde regtig liefde?

My boek oor die liefde is klaaglik onvolledig. Want liefde, wat, wát is dit? (Riana Scheepers)

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ FRAGILE — STING ~

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Love is what we are born with. Fear is what we learn. The spiritual journey is the unlearning of fear and prejudices and the acceptance of love back in our hearts. Love is the essential reality and our purpose on earth. To be consciously aware of it, to experience love in ourselves and others, is the meaning of life. Meaning does not lie in things. Meaning lies in us.

(Marianne Williamson)

*Mag die Lig van Sy liefde in jou lewe skyn,*
*Mag die Lig van Sy liefde elke dag met jou wees,*
*Mag die Lig van Sy liefde jou herinner dat jy één is met God*
*Mag die Lig van Sy liefde vir jou die hoop gee van 'n groter perspektief*
*Mag die Lig van Sy liefde vir jou 'n nuwe seisoen laat aanbreek*
*Mag die Lig van Sy liefde aan jou die vlerke van Heilige engele gee*
*Mag die Lig van Sy liefde jou en jou huis seën*

*~ Amen ~*

## ~ OUR WORLD — MÁIRE BRENNAN ~

Our world searching our heart
the miracles of life, remembers Your name
the beauty of Your face, whispers the same
a treasure of love, you sent from above — stay close to me

Our world searching our heart,
our world keeps falling apart
our hearts searching for answers, pathways to see,
wanting the angels, walking with me.

Our world searching our heart
a message of great hope, a vision to find
the wonders of your ways, gentle and kind as morning breaks,
our dreams will awake— stay close to me

Our world searching our heart, our world keeps falling apart
our hearts searching for answers, pathways to see,
wanting the angels, walking with me